Weergawe 1.3

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe. wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

10.12

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:	Ring van PE Wes
Titel van Projek:	ONDERSTEUNING MINDERBEVOORREGTE SKOLE ST ALBANS EN OMGEWING 2015

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Liefie Erasmus
Posadres:	Posbus 10718 Linton Grange PE 6015
E-pos:	ngkvanstadensrivier@vodamail.co.za
Faks:	
Tel. (k):	041 7755008
Tel (h):	
Selfoon:	072 6369100

	02 Oktober 2014
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van _____, dat hierdie projek op _____ deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Daar is ongeveer 10 minderbevoorrgete skole in ons omgewing. Tans word dar na 4 minder-bevoorregtekole uitgereik St Albans, Ankervas. Yellow Woods en Altona... met die bediening van die Woord, sop. broodjies en verversings, truie in die Winter, Bybels en traktaatjies:

Yellow Woods Primêr:

- Yellow Woods is 'n skool vir Xhosa-sprekende leerlinge naby Woodridge skool... met ongeveer 200 leerlinge. Daar is weekliks gemeentelede betrokke met naaldwerk-klasse vir die dogters... tuinbou vir die seuns... en dissipline en Geestlike bearbeiding. Hierdie projek loop baie mooi... en veral die onderwysers spreek hulle waardering opreg uit.

- Met Paasfees en aan die einde van die jaar word daar 'n kersafsluiting gereël... en dan word daar vir elke leerder verversings, sop, broodjies en 'n koeldrankie uitgedeel;

Die behoefte by **St Albans Primêr** is die grootste:

- Jaarliks met Hemelvaart word daar uitgereik met truie aan kinders wie nie 'n trui het nie. Ander wie se truie te klein is, word met 'n groter truie voorsien... en die kleiner trui word dan weer aan 'n ander behoeftige maatjie gegee;

- Daar is ongeveer 400 kinders in die skool. Daar word jaarliks ongeveer 100 truie voorsien @ R70 per trui. Saam met sop en brood is die finansiering van so 'n projek nogal heelwat meer as R10 000.00. Daar word dus ook van ander finansieële ondersteuning gebruik gemaak;

- Ook aan die einde van elke jaar word daar 'n kersafsluiting gereël... en word daar vir elke leerder verversings en 'n koeldrankie uitgedeel;

- Elke klas word van 'n Bybel voorsien.... en so ook elke graad 7 leerder;

- Daar word ook in ander versoeke van die skool se kant af voorsien... soos ou tydskrifte en skoolbenodighede;

- Daar bestaan 'n mooi samewerkings-ooreenkoms met die skool en personeel van St Albans Primêr... en ons ontvang gereeld briefies van dank. Die kinders het ook al by meer as een geleentheid by die kerk kom optree, om dankie te sê.

- **Wat nuut is... is dat Mnr Brain Arends as onderwyser by die skool aangesluit het... volledig onderrig as musiek-ondewyser... en het begin met blokfluitlesse en drama klasse. Hulle tree binnekort by Vanstadensrivier-gemeente op.**

Ankervas Primêr:

- Aangesien die voedingskema van die Departement plat geval het, word daar daagliks aan 40 baie behoeftige kinders voedsel voorsien... asook gas vir die gasstowe om die kos op gaar te maak;
- Daar word ook met hemelvaart en kersfees spesiale uitreike vir al die kinders by Ankervas aangebied;
- Dit gaan ook elke keer met die bediening van die Woord gepaard.
- Bybels word aan elke graad 7 leerder voorsien.

Altona Primêr

- Bybels word aan elke graad 7 leerder voorsien.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

4 minder-bevoorregtekole: St Albans, Ankervas. Yellow Woods en Altona.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Ons ryk hoofsaaklik met Hemelvaart voor die winter uit en dan weer aan die einde van die jaar met 'n Kersafsluiting.	

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Liefie Erasmus, Zelna Buys, Willem Buys, Gretha Schoeman, Hester Shedden, Kwikkie Pretorius, Johan Pretorius	Vanstadensriviergemeente:

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid

Sop, brood, truie, Bybels, skoene, tydskrifte, en blokfluite	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron Vanstadenskerkraad en persoonlike bydraes gemeentelede, Fondsinsamelings	**Bedrag**
TOTAAL: R15 000.00	

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	**Bedrag**
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings R10 000.00	
• ANDER (spesifiseer asb): Truie en Skoene R10.000 Bybels R5 000.00	
TOTAAL: R25 000.00	

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	R25 000
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	R 15 000
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R10 000.00

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
April **November R5000.00/ R5 000.00**	R5 000.00 R5 000.00

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

NG Kerk Vanstadensrivier

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf